

13 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:8-21

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:20

God keer hardkoppigheid om tot seën!

Die Hebreërskrywer noem Isak onder die geloofshelde, al het hy teen God se wil ingegaan. Isak het geweet dat die oudste (Esau) die jongste (Jakob) sal dien. Die Here het dit vir Rebekka gesê *"Daar is twee nasies in jou, twee volke uit jou sal van mekaar geskei word. Een sal sterker wees as die ander, die oudste sal die jongste dien"* (Gen 25:23; vgl. Rom 9:11-12).

Maar omdat Isak Esau se krag bewonder het en van wildsvleis gehou het, het hy Esau voorgetrek. Hy wou nie hoor dat die oudste die jongste gaan dien nie en beplan om die oudste (Esau) te seën. Maar God beskik anders. Hy gebruik Jakob se dubbele bedrog (lensiesop en sy seën-"steel"), om sy uitverkorene, Jakob, te seën! Maar God draai Isak se hardkoppige voorkeur en menslike beplanning om en onderwerp hom aan sy Woord. Isak het nog gedink hy seën Esau.

Toe hy agterkom hy het Jakob geseën, was hy ontsteld. Die Heilige Gees het hom herinner aan God se woord tot Rebekka. Hy besef hy kan die seën nie terugtrek nie, en sê *"... Ek het hóm geseën, en hy sal geseën bly"* (Gen 27:33). By Isak is daar nie verwyf teenoor Rebekka en Jakob nie. Hy onderwerp hom in die geloof aan die beskikking van God. God het bepaal sy verlossingsplan loop deur die nageslag van Jakob na Jesus Christus.

As gelowiges moet ons ons aan God se wil onderwerp, getrou bly aan sy Woord, en met sekerheid die toekoms ingaan, met die wete dat God óók ons verkeerde en hardkoppige keuses en besluite ten goede laat meewerk (vgl. Rom 8:28).

Sing: Skrifberyming 3-1:1

Ds OA Oosthuizen (Cullinan)